



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V2

NOVEMBER 2009

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 30 bladsye.

INSTRUKSIES AAN NASIENERS

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)
2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte gedoen het, word die eerste twee gedigte nagesien.
3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee opstelvrae gedoen het, word die eerste vraag nagesien en die **tweede vraag word geïgnoreer**. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste vraag in elke afdeling nagesien, mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.
4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en **die tweede antwoord word geïgnoreer**.
5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
6. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
7. Opstelvraag: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepeenaliseer het.
8. As die opstel te lank is, laat 'n oorskreiding van 'n maksimum van 50 woorde (disjunkte ortografie) toe en **ignoreer die res van die opstel**.
9. Kontekstuele vrae: As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word hy/sy **nie gepeenaliseer nie**.

AFDELING A: GEDIGTE**VRAAG 1: OPSTELVRAAG (LU2 AS2.3.1)****23 – Breyten Breytenbach**

Hierdie vraag word aan die hand van die *aangehegte* RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE (na VRAAG 16) nagesien.

Ooreenkomste en verskille:

Gedig: Titel 23
Psalm 23: Psalm 23

Gedig: 'in groen weivelde geslaap'
Psalm 23: 'Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen'

Gedig: 'op die rand van die dal van doodskaduwee'
Psalm 23: 'al gaan ek deur 'n dal van doodskaduwee'

Gedig: 'en ek het die onheil gevrees'
Psalm 23: 'ek sal geen onheil vrees nie'

Gedig: 'die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders is leeg'
Psalm 23: 'U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders'

Gedig: 'ek het as op my hoof'
Psalm 23: 'U maak my hoof vet met olie'

Gedig: 'my beker is leeg'
Psalm 23: 'my beker loop oor'

Gedig: 'gee dat ek in jou brief mag woon in lengte van dae'
Psalm 23: 'ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae'

Daar is duidelike ooreenkomste en verskille tussen *Psalm 23* (1933-Bybelvertaling) en die gedig 23 van Breyten Breytenbach. Die gedig is die drie en twintigste gedig in die bundel *Voetskrif* waarin daar intertekstuele verwysings na Psalm 23 voorkom om ervarings in die gevangenis te verwoord.

Die *groen weivelde* waarin die psalmdigter rus vind, verwys in 23 na die spreker wat in 'n groen tronkuniform geslaap het. Die psalmdigter vind rus in sy weiveld, maar die spreker in die gedig vind nie rus nie as gevolg van die gesing van die terdoodveroordeeldes rondom hom.

In Psalm 23 gaan die psalmdigter deur 'n *dal van doodskaduwee*, maar die spreker is op die *rand van die dal van doodskaduwee*. Die spreker is nie in die dal van die doodskaduwee nie, maar in die omgewing van die terdoodveroordeeldes.

Die psalmdigter vrees geen onheil nie, maar die spreker in die gedig vrees onheil wat moontlik die onmenslike optrede van die tronkbewaarders kan wees of selfs die politieke situasie in Suid-Afrika gedurende die sestigerjare.

Terwyl die psalmdigter ryklik van kos voorsien word en deur God weerbaar gemaak word teen sy teëstanders, is die ek-spreker se tafel leeg. Dit kan 'n aanduiding wees dat die kos in die tronk nie van 'n hoë standaard was nie en dat hy dikwels honger moes gaan slaap. Voorts kan dit ook dui op sy weerloosheid teenoor die Suid-Afrikaanse regering of meer spesifiek die tronkowerhede.

In Psalm 23 maak God Dawid se hoof vet met olie; Hy seën/salf dus vir Dawid. Die ek-spreker se hoof het as op. Die as is 'n verwysing na rou en het konnotasies met die Bybelse verhaal van Job. Die spreker kan rou oor die terdoodveroordeeldes of oor die politieke situasie in Suid-Afrika of oor die skeiding van sy geliefde.

In teenstelling met die psalmdigter wat verheug is (*my beker loop oor*), is die ek-spreker se beker leeg. Hy ervaar geen vreugde/blydschap in die gevangenis nie. (Hy het geen kontak met die ander gevangenes gehad nie, hy mag nie geskilder het nie, sy skryfwerk is elke aand van hom weggeneem.)

Die psalmdigter wil vir ewig in die huis van die Here bly. Die ek-spreker wil die straf vergeet deur 'n leefwêreld te skep waar hy in sy geliefde se brief mag woon. Dit sal vir die spreker die enigste troos wees/ 'n verlossing van die werklikheid waarin hy hom in die gevangenis bevind.

Die intertekstuele verwysings van Psalm 23 wat 'n psalm van hoop en lig is, word in die gedig 23 omvorm tot donkerte. Die ooreenkomste word juis tot verskille omskep om die spreker se beleving van sy huidige situasie te verwoord. Die kontras beklemtoon die intensiteit van die wrange teendeel.

Evaluering: Die kandidaat bied kortliks, met gepaste motivering, 'n waardeoordeel oor die gebruik van Psalm 23 as interteks. Dit vind binne die persoonlike konteks plaas en daar moet vir alle moontlike relevante tipe gedagtes ruimte gelaat word, bv.

Die intertekstuele gebruik van Psalm 23 plaas Breyten Breytenbach se 23 in bekende konteks, want baie lesers ken die psalm as bemoediging in erge benoudheid. Die intertekstuele verwysing dra by tot groter begrip van die spreker se gevoelens en omstandighede.

Die intertekstuele verwysing hef die kontras tussen die oorvloedige (Psalm 23) en afwesige seën (bb 23) uit. Dit is treffend en 'n bewys van Breyten Breytenbach se vernuf.

Literêr-wetenskaplik is daar werklik waardering vir die kunstige skryf-/dinkvernuf van Breytenbach, maar vanuit my lewensooruiging is die parallel tussen Breyten Breytenbach en sy geliefde nie vergelykbaar met die verhouding van 'n gelowige met God nie. **[10]**

VRAAG 2**By die eeuwending – Louis Esterhuizen**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	LU	AS	BARRETT
2.1	Die draai/wisseling/verandering van die eeu ✓ / Die oorgang van een eeu na 'n volgende/ van 20ste na 21ste eeu ✓	1	2	4.2.5	1
2.2.1	Vrye vers ✓	1	2	4.2.6	1
2.2.2	Geen vaste rymskema nie ✓ / Lengte van versreëls wissel ✓ / Geen vaste strofepbou ✓ / Min leestekens. ✓ (SLEGS EEN VIR 1 PUNT)	1	2	4.2.6	2
2.3	“vreemde vastelande” ✓ OF 'sy kruisvaart sy seereise' (Die betrokke klank moet onderstreep wees/duidelik aangedui word anders verdien die kandidaat nie 'n punt nie. Aanhalingstekens nie nodig nie).	1	2	4.2.5	1
2.4	Dit dien as bindingselement. / ✓ Ter wille van beklemtoning van die besinning. / ✓ Retoriese vraag. / ✓ Verhoog musikaliteit. ✓ (SLEGS EEN VIR 1 PUNT)	1	2	4.2.5	2
2.5.1	wêreldoorloë/internasionale oorloë ✓	1	2	2.2.8	1
2.5.2	Die invloed van die Christendom het afgeneem. / ✓ Christus is uit die Christendom verwyder, want mense is sonder geloofsinhoud. / Afvalligheid en geloofsvervlakking stroop Christus van die kruis. ✓ (SLEGS EEN VIR 1 PUNT)	1	2	2.2.8	2
2.6	Die vorige vrae handel oor die hele wêreld ✓ terwyl die slotvraag oor die individu handel. ✓ / Die vorige vrae handel hoofsaaklik oor geweld ✓ en die slotvraag oor liefde . ✓ Die vorige vrae is objektief/ onpersoonlik ✓, terwyl die slotvraag subjektief/ persoonlik is. ✓ (DIE KANDIDAAT KAN HIER NET 2 OF 0 VERDIEN)	2	2	2.2.7	3
2.7	Die kernidee van die gedig word beklemtoon. / ✓ Die liefde tussen twee persone word beklemtoon. ✓ Liefde word as enigste sinvolle teenvoeter/ enigste hoop vir al die negatiewe dinge gesien. ✓	1	2	4.2.5	3
		[10]			

OF

VRAAG 3**Marilyn Monroe: foto in rou – Joan Hambidge**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	LU	AS	BARRETT
3.1	'n Verduideliking volg dat dit 'n foto is wat ter sprake is. ✓ (Geen punt net vir verduideliking nie)	1	2	4.2.6	3
3.2	Beklemtoon die spreker se respek vir Marilyn Monroe. ✓ /Dit skuif die woord 'ek' na die eindposisie in die reël om die verband met die aangesprokene in reël 3 te bevestig. Die spreker voel nederig/tweederangs naas Marilyn Monroe. Hef Marilyn Monroe se ikoonstatus uit. ✓ (Geen punt net vir beklemtoon nie)	1	2	2.2.7	3
3.3	"waag" ✓ (Slegs EEN woord)	1	2	4.2.5	2
3.4	Sy sien die spesifieke foto waar Marilyn Monroe in swart geklee is. ✓/Die foto van Marilyn Monroe in rou ✓/Bert Stern se L.A.-foto van Marilyn Monroe ✓	1	2	2.2.2	1
3.5	Die uitroepteken beklemtoon die feit dat hierdie foto anders is as die ander foto's wat gewoonlik van haar geneem is. ✓ Beklemtoon die onverwagte/selfs skok (Geen punt net vir beklemtoon nie)	1	2	4.2.6	2
3.6	Dit dui aan dat sy nie na die kamera kyk nie ✓/Sy kyk weg van die fotograaf. ✓	1	2	4.2.5	2
3.7	Witter dui op reinheid/maagdelikheid ✓, maar Marilyn Monroe was nie rein nie ✓./ Sy was die glansfiguur (wit) ✓ maar haar lewe was hel (swart) ✓	2	2	2.2.7	2
3.8	Tot die dood toe. Sy was lewensmoeg ✓	1	2	2.1.6	2
3.9	Die dood is onwerklik, want Marilyn Monroe bly as 'n ikoon voortleef. ✓/Selfs in die dood ontsnap sy nie van haar ikoonstatus nie. Sy is nooit mens nie, net ikoon. ✓	1	2	2.1.6	3
		[10]			

OF

VRAAG 4**27 april 1994 – Vincent Oliphant**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	LU	AS	BARRETT
4.1	Die titel verwys na die eerste demokratiese verkiesing (op 27 April 1994) in Suid- Afrika. (of ander sinvolle antwoord) ✓	1	2	4.2.5	1
4.2	“nou” ✓ (Aanhalingstekens nie nodig nie)	1	2	4.2.5	2
4.3	Hy is besig om te stem ✓ / hy trek sy kruisie en plaas sy stembriefie in die stembus ✓. / Hy neem deel aan die verkiesing ✓	1	2	2.2.1	2
4.4	Alleenplasing (van vry) ✓	1	2	2.2.7	1
4.5	Alliterasie ✓	1	2	2.2.7	1
4.6	Dit dra by tot die vloeiendheid van die gedig. ✓	1	2	2.2.7	1
4.7	Dit dui op die stem van die kiesers ✓ en om te praat ✓.	2	2	2.2.7	1
4.8	“om aan hulle die hand te gee” ✓ / “hoe vlees en vlees ontmoet” ✓ (Aanhalingstekens nie nodig nie. Gee 'n frase, nie 'n sin nie.)	1	2	4.2.5	1
4.9	Dui daarop dat alle mense afstammeling van Adam en Eva is./Universele menslikheid/ alle mense is verbonde aan mekaar of deel dieselfde oeroorsprong/Van altyd is ons mense verbonde aan mekaar. ✓	1	2	2.2.3	3
		[10]			

EN

VRAAG 5: OPSTELVRAAG (LU2 AS4.2.5)***Jan Tuisbly se spannetjie* – Etienne van Heerden**

Hierdie vraag word aan die hand van die *aangehegte* RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE (na VRAAG 16) nagesien.

Inleiding: Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding.

Die woordgebruik in reëls 1 tot 5 en die betekenis daarvan

- vuurvlieë: persone wat emigreer/wat vlieg na ander lande
- kies koers: verlaat die land
- Kanada of Australië: ander bestemmings
- geankerders: dié wat agterbly
- gekreef in singels van die steenbok: verwysing na die Kreef- en Steenbokskeerkringe
- suiderkruis: sterkonstellasie in die suidelike halfrond
- opgesaal: asof ons nie 'n keuse het nie

Die alliterasie (VIER voorbeelde) en die funksie daarvan

- koers na Kanada
- geankerdes sal gekreef
- singels van die steenbok
- huis 'n halfrond
- ver van;
- suiderkruis opgesaal

(ENIGE VIER VOORBEELDE)

Funksie van die alliterasie

- Lê verbande
- Verhoog die klankskoonheid van die gedig
- Skep atmosfeer
- Verhoog die musikaliteit van die gedig

Die betekenis van die titel

- Jan Tuisbly se spannetjie verwys na diegene wat tuis agterbly
- Die titel is 'n vervorming van die spreekwoord/uitdrukking/idioom *Om met Jan Tuisbly se karretjie te ry*
- Dié idioom beteken om by die huis te bly
- Die titel suggereer die uitkoms: Dis beter om tuis te bly of om nêrens heen te gaan nie.
- Die gewone betekenis is negatief – ons het nie geld nie/ons bly tuis, maar hier word dit positief gebruik. Ons kies om hier te bly.

Slot: Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot.

[10]

OF

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG**Jan Tuisbly se spannetjie – Etienne van Heerden**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	LU	AS	BARRETT
6.1	(Met) Jan Tuisbly se karretjie (ry) ✓	1	2	4.1.1	2
6.2	A. emigreer ✓	1	2	4.2.5	1
6.3	“maar” ✓ (Aanhalingstekens nie nodig nie)	1	2	4.2.5	1
6.4	“ <u>s</u> ingels <u>s</u> teenbok” ✓ (s-klank moet onderstreep/duidelik aangedui word. Aanhalingstekens is nie nodig nie.)	1	2	4.2.6	1
6.5.1	Paarrym ✓ (Benaming, nie aanduiding van rymskema bv. aabbccdde nie)	1	2	4.2.6	1
6.5.2	Verbind funksionele begrippe aan mekaar. ✓ OF Verhoog die klanskoonheid van die gedig (Enige een)	1	2	4.2.6	2
6.6	Noordelike halfronde	1	2	4.2.5	2
6.7	Die suidelikste/mees suidelike punt van Afrika/waar die see op sy soutste is	1	2	4.2.5	2
6.8	‘geankerdes’ ((Aanhalingstekens nie nodig nie)	1	2	4.2.5	2
6.9	speels/lig ✓ (Slegs een woord)	1	2	4.1.1	1
		[10]			

AFDELING B: ROMAN**VRAAG 7: OPSTELVRAAG (LU2 AS4.2.5)*****DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Hierdie vraag word aan die hand van die *aangehegte* RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA (na VRAAG 16) nagesien.

MEMORANDUM

LET WEL: Hierdie memorandum bevat die breë, uitgebreide raamwerk van feite waaroor die kandidaat kan skryf. Daar word nie van die kandidaat verwag om al die onderstaande feite te noem nie. Die subopskrifte in die raamwerk dien slegs as riglyne vir die nasiener; kandidate mag nie subopskrifte in hul opstel gebruik nie.

Inleiding: Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding.

Die titel van die roman

- 'n Kwart-voor-sewe-lelie is 'n blom wat in Iris-hulle se tuin groei.
- Die bepaalde lidwoord in die titel verwys na die lelie.
- Dié blom blom slegs een keer per jaar.
- Iris vereenselwig haar met dié plant.
- Die blom word simbolies van Iris se lewe.
- Iris lewe 'n doodgewone lewe maar sy is ook bestem om soos dié plant om te blom.
- Iris wag en hunker haar lewe lank vir haar 'blomtyd'; haar oomblik van glorie.
- Iris leef in afwagting op haar groot blom oomblik. "Elke mens moet een keer in sy lewe die regte ding op die regte tyd doen en só 'n moment van volmaakte sintese beleef."
- Haar naam is nie net 'n naam nie: dit is ook haar lewensfilosofie.

Die betekenis van Iris se naam en die invloed wat dit op haar lewe het

- Perserig by geboorte soos dié soort Iris (flap).
- Deel van die oog: aanduiding van haar skerpsinnigheid en skerp sien.
- Griekse godin van die reënboog: in diens van die hoëre gode: Iris moet volgens haar gesprek met Billy uitvind wie die hoëre gode is wat sy moet dien. Sy voel dat sy gedurig besig is om mense te bedien.
- Embleem vir die fleur-de-lis (wapenskild).
- Word eeue lank in dekoratiewe kuns gebruik.
- Is op Frankryk se wapen.

Ander karakters se beskouings oor Iris se naam

- Johanna sê dat Iris elke dag vir hulle blom.
- Billy waarsku haar dat nie alle bolle tot bloei kom nie.
- Bettie sê dat dit net 'n naam van 'n blom is.
- Junior, Brian se seun, sê blomname is simpel en dat sommige irisse meer as een keer per jaar blom.

- Peter meen haar ouers moes haar nooit Iris gedoop het nie: dan sou sy nooit sulke spesiale verwagtings gekoester het nie.
- Die Engel wys Iris daarop dat 'n naam nie jou hele lewe, denke of besluite moet beïnvloed nie en dat sommige mense net soos die lelie ongesiens blom, so onverwags dat niemand dit eers opmerk nie.

Die 'blomgeleenthede' wat Iris ontvang

- Sy glo dat sy altyd gereed moet wees daarvoor.
- Sy moet nooit 'n nuwe aanbod of 'n potensiële geleentheid van die hand wys nie.
- Sy gaan werk by dr. Anders as tandartsklerk omdat sy werk wou hê wat nie haar gedagtes besig hou nie. Sy meen dat dit dalk 'n blomgeleentheid kan wees.
- In Frankryk vlug sy van die fotograaf wat haar as model wou gebruik.
- In New York wil Joe van haar 'n model maak.
- Beide die stede is modemekkas waar haar potensiaal (as model) raakgesien is.

Die insig waartoe Iris kom oor haar naam en wat dit beteken 'om te blom'

- Sy kom tot die besef dat 'n naam net 'n naam is.
- Aan die einde van die verhaal wag sy geduldig op die-kwart-voor-sewe-lelie om te blom soos wat 'n mens ook geduldig op selfverwesening moet wag.
- Sy besef dat 'n mens se hele lewe 'n blomtydperk kan wees: nie net één oomblik nie.
- Die realiteit van 'n geroetineerde voorstedelike bestaan kan net so magies wees soos die beste fantasie.

Slot: Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot.

[25]

OF

VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG**DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – Eleanor Baker**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	LU	AS	BARRETT
8.1.1	Iris ✓	1	2	4.1.1	1
8.1.2	Sy dink oor haar toekoms./Sy besin oor haar toekoms. ✓	1	2	4.2.3	2
8.1.3	In die hospitaal/in Vermont ✓ (Enige een)	1	2	4.2.3	1
8.1.4	Sy word gedwing om na te dink. ✓ Sy het tyd om rustig met die Engel te praat. ✓	2	2	4.2.3	2
8.1.5	Sy het hom van haar ouma geërf. ✓	1	2	4.1.1	1
8.1.6	Beskermer/raadgewer/bring haar tot belangrike insigte/geselskap/is deel van haar fantasiewêreld. ✓✓ (ENIGE TWEE)	2	2	4.2.1	2
8.2.1	Ek-verteller/Eerstepersoonsverteller. ✓	1	2	4.2.1	1
8.2.2	Dit is geslaagd. ✓ Dit maak die gebeure meer geloofwaardig/dis die beste soort verteller om Iris se emosies (gevoelens) te beskryf/omdat die roman so spesifiek op Iris se gevoels- en fantasiewêreld fokus. ✓ (Een punt vir geslaagd en een punt vir verduideliking.)	2	2	4.2.1	2
8.3	Fantasie/droom ✓ en werklikheid. ✓	2	2	4.2.2	3
8.4	Marmotte = Bettie Rotte = Brian se kinders (Denise en Junior)	2	2	4.2.2	3
8.5	Bettie meen dat Iris die modelkontrak nie van die hand moes wys nie omdat so 'n kans net een keer in 'n leeftyd voorkom. Iris soek voortdurend geleentheid om te blom. ✓	1	2	4.2.1	2
8.6.1	Die taxibestuurder in New York (wat haar van die lughawe af hotel toe geneem het). ✓	1	2	4.1.1	1
8.6.2	Ten spyte van die destydse politieke situasie wat mense op grond van velkleur wou skei, ✓ het Iris 'n gemaklike verhouding met Billy, die swart taxibestuurder. ✓ OF Iris sien die mens raak ✓ en nie die velkleur nie. ✓	2	2	2.2.6	3
8.6.3	Johanna ✓	1	2	2.2.6	1
8.7	Joe het haar moontlikhede as model raakgesien en haar 'n modelkontrak aangebied. ✓	1	2	4.2.1	1
8.8	Billy luister na haar ✓, terwyl Iris gevoel het niemand in haar gesin luister na haar nie. ✓	2	2	4.2.1	2
8.9.1	Iris se geneigdheid om te fantaseer./Iris soek voortdurend geleentheid om te blom./Iris maak moeilik keuses. ✓ (Enige een)	1	2	4.2.2	2

8.9.2	Motivering moet by die antwoord van 8.9.1 aansluit. Iris se geneigdheid om te fantaseer: sy is in gesprek met die Engel ✓ Iris soek voortdurend geleentheid om te blom: “goue kanse, soos hy my wou gee, deur hulle (haar) vingers laat glip.” ✓ Iris maak moeilik keuses: “Wat gaan ek doen?” ✓	1	2	4.2.3	2
		[25]			

VRAAG 9: OPSTELVRAAG (LU2 AS4.2.5)**MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse**

Hierdie vraag word aan die hand van die *aangehegte* RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA (na VRAAG 16) nagesien.

MEMORANDUM

LET WEL: Hierdie memorandum bevat die breë, uitgebreide raamwerk van feite waaroor die kandidaat kan skryf. Daar word nie van die kandidaat verwag om al die onderstaande feite te noem nie. Die subopskrifte in die raamwerk dien slegs as riglyne vir die nasiener; kandidate mag nie subopskrifte in hul opstel gebruik nie.

Inleiding: Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding.

JEUGJARE

- Enigste kind
- Roei dae lank alleen
- Jag en gaan vreesloos alleen vooruit
- Lees graag
- Later net honde vir geselskap
- Ontgroeï familie
- Besoek nie skoolvriende nie
- Hou nie van roetine nie
- Waagmoedig
- Eie idees

LOZI'S

- Respekteer die plaaslike gemeenskap
- Wil nie betrokke raak nie
- Glo nie hy is Manaka toe "gestuur" nie
- Wil nie verantwoordelik wees vir almal se siekte en armoede nie
- Help tog met medisyne en kos

SENDELINGE

- Wil hulle nie op Manaka hê nie
- Wil nie met hulle gesels nie

OPHEFFING/HANDHAWING VAN BUITESTANDERSKAP

- Moontlike opheffing:
 - Deur oplossing van innerlike konflik oor Christenskap en identiteit
 - Raak toenemend betrokke, veral by Grace
 - Vertel haar van sy droom en "belofte" aan oupagrootjie
 - Werk saam aan toekoms: bankies/boot
- Moontlike handhawing: Slegs by Grace betrokke

Baas Chipman was 'n enigste kind. Hy bring baie tyd saam met sy pa in die woude en later by die saagmeule deur. Hy roei ook as kind dae lank (geïsoleerd) met sy selfgemaakte blikskuit op die Ebenezerdam en die Bo-Letabarivier. Hy jag van kleins af kaalvoet en was altyd voor al die ander uit op die spoor van 'n bosvark. Hy lees ook graag.

As hy ná sy ouers se dood terugkeer Sable Ranch toe, is hy alleen met net sy hond, Brindle. Hy het dit oorweeg om sy ou skoolvriende op te soek, maar doen dit nie. Hy en Brindle slaap in 'n plantasie by 'n vuurtjie.

Hy verlang na gemeenskap ná sy ouers se dood en is voortdurend in sy drome besig met sy ma en pa. Wanneer hy egter tussen die familie is, besef hy dat 'n mens mettertyd familie ontgroei. Hy kom tot dieselfde gevolgtrekking oor sy skoolvriende en besluit dat Fires en Ngwako nie meer dieselfde sal wees nie en daarom besoek hy hulle nie.

Baas hou nie van roetine nie. Sy denke is noordwaarts, weg van die beskawing, gerig en hy is waagmoedig. Hy koop 'n tweedehandse motorboot en sleepwa en reis alleen met sy twee honde, Brindle en Lady, op in Afrika. Hy het ook sy eie idees oor wat toeriste in Afrika behoort te beleef.

Baas respekteer die Lozi's, maar wil nie by hulle betrokke raak nie. Hy het sy eie drome en wil niks daarvan weet dat hy Manaka toe "gestuur" is nie - hy is "op sy eie" daar en hy sal sy eie probleme oplos.

In Barotseland betaal hy die konsessie vir Manaka vooruit en maak reg vir die Zambesitog. Hy help almal wat by hom kos en medisyne kom soek – tot so 'n mate dat hy self nie meer medisyne het as hy malaria opdoen nie. Na sy siekte is hy baie kwaad hieroor: hy het niks meer om te gee nie en hy is nie verantwoordelik vir almal se skete, kwale en hongersnood nie. Die geld wat hy vir Grace gee vir nog pille, is die laaste van sy fondse. Daarom maak hy daarteen beswaar dat ouma Essie hom 'n Christen noem. Hy jaag ook vir Grace, wat hom versorg, weg en verwilder vir meneer Johnnie wat help met die werk in die kamp. Hy weier ook om na die khuta toe te gaan as hulle hom ontbied.

Terwyl Baas in die hospitaal was, het die sendelingegpaar, Griesel en Nanna du Pisani, saam met oom Scholtzie op Manaka aangekom en hulle in sy kamp tuisgemaak. Hy is woedend hieroor. As hy aan hulle voorgestel word, vat hy nie die sendeling se hand nie – ook nie as daar by ete gebid word nie. Hy stel nie belang om met enigiemand te gesels nie en as Nanna sê dat hy en Grace 'n oulike paartjie is, beklemtoon hy dat daar nie plek in sy lewe vir so iets is nie. Hy wil hê Griesel en Nanna moet ander blyplek gaan soek en hulle meubels van sy werf af verwyder. Hy dring ook daarop aan dat hulle hulle eie wasplek en buitetoilet moet hê. Hy wil nie deur oom Scholtzie as “neef” aangespreek word nie – hy is nie familie nie. Hy is gedurig haaks met Griesel en reageer later ook nie as Nanna bely dat sy na hom verlang het nie.

Aanvanklik is Baas se enigste betrokkenheid by sy honde. Later raak hy meer betrokke by die mense om hom, veral by Grace. Hy vertel haar van sy ouers se dood, sy toekomsplanne met die boot en van sy “belofte” aan sy oupagrootjie dat hy vir hom die skoenlapper sou kom vang. As die sendelinge weg is, begin hy en Grace bankies onder die worsboom maak. Hulle gaan ook saam om na die boot te soek en hy vra Grace om hom op sy naam te noem. Hy groei ook in sy geloofslewe en besef “omgee” maak van jou 'n Christen.

Ons sien dus dat Baas, wat sy innerlike worsteling oor Christenskap (en die sin van die lewe betref) en sy verhouding met die (wit en swart) mense om hom in die hede en in die verlede as enkeling en buitestander optree en dat hy dit so verkies. **[25]**

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG**MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	LU	AS	BARRETT
10.1	Na homself√ en die sendelingpaar: Griesel en Nanna du Pisani√	2	2	4.2.2	1
10.2	Hulle huur 'n deel van Manaka/trek onder sy afdak en in sy slaaphut in en dring so sy persoonlike ruimte binne. √ Hy voel hulle is in die pad en verdeel sy aandag. √	2	2	4.2.3	2
10.3	Baas wil 'n boot op die Zambesi hê waarmee hy toeriste aan Afrika kan blootstel. √ Dit is egter nie so maklik nie, want hy word siek, ander mense eis sy krag en tyd op, sy finansies raak uitgeput en hy kry moeilikheid met die khuta. √ Die sendelinge kom met hulle hele trek, vol verwagting, op Manaka aan. √ Hulle kry egter nie eers 'n dak oor hulle koppe nie, want alles het verval of is geplunder, dus moet die kerk en die huis herstel word. √	4	2	4.2.3	1
10.4	Baas was dodelik siek aan malaria (en ly steeds aan die nuwe-effekte van die kinien). √	1	2	4.4	1
10.5	Die tema is die soeke na Christenskap.√ Manaka is die plek waar Baas duidelikheid oor sy Christenskap kry.√	2	2	4.2.2	2
10.6	Alomteenwoordige verteller√	1	2	4.2.1	1
10.7	Manaka (plek van die horings) is so genoem omdat Dennis Chipman sy gebied met horings afgebaken het. √ Hy was 'n legendariese buffeljagter.√ Baas streef sy oupagrootjie na en hervestig die horings op Manaka. √ Die groot meneer (Morena) se indrukwekkende (buffel!)horings is 'n gepaste huldeblyk aan sy oupagrootjie se gedagtenis, maar is ook 'n bevestiging van sy eie identiteit/bedrewenheid√	4	2	4.2.2	2
10.8	Hy druk sy stempel op Manaka af en herbou sy oupa se nalatenskap.√ Hy aanvaar dus dat sy verblyf op Manaka 'n groter doel het en dat sy eie drome verweef geraak het met ouma Essie se droom. √	2	2	4.2.3	2
10.9	Hulle het dieselfde oupagrootjie√ en is albei goedhartig/help ander sonder om iets terug te verwag. √	2	2	4.2.4	1
10.10	Vroue en kinders word gestuur. √	1	2	4.8	1
10.11	Hy vra Sitali of hy bereid is om gestuur te word,√ terwyl die Lozi's aanvaar dat hulle die reg het om 'n kind te stuur.√	2	2	4.8	2
10.12	Hy het gedroom Baas se boot sit (in die Liabwa la Twelve) vas√ en het nie verby die waterval gedryf nie. Sy droom is bewaarheid, want Sitali kon bevestig dat die boot in die kanaal vassit. √	2	2	4.2.2	3
		[25]			

VRAAG 11: OPSTELVRAAG (LU2 AS4.2.5)**VATMAAR – AMJ Scholtz****Hierdie vraag word aan die hand van die *aangehegte* RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA (na VRAAG 16) nagesien.****MEMORANDUM**

LET WEL: Hierdie memorandum bevat die breë, uitgebreide raamwerk van feite waaroor die kandidaat kan skryf. Daar word nie van die kandidaat verwag om al die onderstaande feite te noem nie. Die subopskrifte in die raamwerk dien slegs as riglyne vir die nasiener; kandidate mag nie subopskrifte in hul opstel gebruik nie.

Inleiding: Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding.

Wanneer Oom Chai en Oupa Lewies mekaar se trane by Ouma Lewies se begrafnis afdroog, merk Oom Flip tereg op: 'Die liefde ken nie grense nie.'

Hierdie tema van liefde wat oor grense strek, kom duidelik na vore in verskillende verhoudings in die roman.

Oom Chai en Korporaal Lewis

- **Verteenwoordig liefde oor die grens van taal (en ras).** Oom Chai (Charles Terblanche) was 'n Afrikaanssprekende bruinman en korporaal George Lewis was 'n Brit.
- Korporaal neem oom Chai in sy vertroue; vertel hom van sy liefde vir Ruth, 'n swart vrou.
- Die Korporaal noem Oom Chai sy enigste vriend.
- Hy sorg dat Oom Chai drie maande langer betaal word as wat hy gewerk het.
- Ná die oorlog het Oom Chai hom op sy naam George genoem en nie meer met die titel 'Korporaal' aangespreek nie.
- George Lewis het gesorg dat Oom Chai ook werk by die dorpsraad kry.
- George Lewis het Oom Chai gehelp om 'n erf vir Vatmaar se Sendingkerk te kry.
- Hy het net kerk toe gegaan as Oom Chai gepreek het.
- By Ouma Lewies se begrafnis lees Oom Chai uit Oupa Lewies se Engelse Bybel.
- Die vers wat hy gelees het, spreek van die aanvaarding van alle mense.
- 'In my Father's house are many mansions, if it were not so I would have told you so.'
- George Lewis het in Engels gesing en Oom Chai het die Afrikaanse gesang 'Nader my God by U' aangehef.
- Uit respek vir sy vriend se taal, het Oom Chai die begrafnis ook in Engels gehou.
- Hy en Oupa Lewies het mekaar se trane afgedroog.
- Anders as sy dogter, Elsa, het Oupa Lewies nie op Oom Chai of die mense van Vatmaar neergekyk omdat hulle Afrikaans gepraat het nie.

- By Oupa Lewies se begrafnis het Oom Chai in Afrikaans gebid en 'n huldeblyk aan Oupa Lewies (Korporaal Lewis) gelewer. Hy het hom 'King George' genoem en die Here gedank dat hy (George Lewis) meer swart as wit was.

Oupa en Ouma Lewies

- **Hulle verteenwoordig liefde wat oor rasse- en klassegrense strek.** Oupa Lewies was 'n Engelsman, Korporaal George Lewis; Ruth was 'n sewentienjarige Tswana-meisie. Die mense van Vatmaar het die van *Lewis* verafrikaans en as *Lewies* uitgespreek.
- Oupa Lewies was geletterd, maar Ouma Lewies nie.
- Sedert die eerste ontmoeting kon Korporaal Lewis nie vir Ruth vergeet nie.
- Hy was bereid om bogadie (lobola) te betaal om met haar te trou.
- Hy het nie Ruth se swartheid raakgesien nie.
- Hulle harte was een.
- Ná die oorlog het die Korporaal direk na Ruth toe gegaan.
- 'n Tswana-ouman het gesê: 'Hy is een van ons.'
- Hy is Ra Lewies genoem.

Ma Khumalo en haar twee 'aanneemkinders'

- **Hulle verhoudings verteenwoordig liefde wat oor die grense van ras en geloof strek.**
- Ma Khumalo was 'n Tswana-weduwee wat eers die Boerseun Borman van der Westhuizen en later die Moslemmeisie Mariam Mohammed in haar huis geneem het.
- Borman Van der Westhuizen het sy pa in die Boere-oorlog verloor en sy ma het in 'n konsentrasiekamp gesterf.
- Sy eie mense wou hom nie hê nie.
- Hy moes steel om aan die lewe te bly en sy lyf was vol hale soos die mense hom geslaan het.
- Tydens sy swerwery kom hy by 'n plek aan waar 'n driebeenpot vol pap buite staan en kook. Hy wou dit steel.
- 'n Swartvrou het hom in geradbraakte Afrikaans daarvoor aangespreek.
- Sy het vir hom 'n kombens en kos gegee en sy seerplekke versorg.
- Sy het sy naam verander na Norman Van der Westhuizen, die naam van die man vir wie sy waswerk gedoen het.
- Die naamsverandering is simbolies daarvan dat hy sy verlede agtergelaat het.
- Hy het haar Ma genoem, want sy was al wat hy op die aarde gehad het.
- Sy het al haar kinders en haar man in 'n swart konsentrasiekamp verloor.
- Norman het gesê: 'Ma Khumalo is swart, maar haar aanraking is wit.'
- Hulle het meestal met mekaar Setswana gepraat; kleur het nie vir hulle saak gemaak nie.
- Terwyl hy in die oorlog was, het Norman gereeld briewe aan Ma Khumalo geskryf.
- Mariam Mohamed was 'n Kaapse Maleiermeisie wat deur haar ouers verstoot is nadat hulle ontdek het sy is swanger.
- Die kind se pa het haar ook misken toe sy by hom hulp gaan vra.
- 'Sy het gewens die dood wil haar lieverste kom wegvat.'
- Mariam se rok was geskeur en haar lyf vol slaanmerke.
- Ma Khumalo het haar ingenooi en versorg.

- Nes vir Norman, het Ma Khumalo vir Mariam ook 'n kombes gegee – dit was 'n teken dat sy hulle as haar familie aanvaar het.
- Ma Khumalo het haar naam verander na 'Mary'. Haar baba is 'Lucas Khumalo' gedoop.

Kenny en Kaaitjie

- **Hulle verteenwoordig liefde oor klassegrense.**
- Kenneth Kleinhans was 'n gekwalifiseerde bruin ambagsman van Graaff-Reinet en Kaaitjie Müller 'n ongeletterde, armoedige bastermeisie – Tant Wonnie se dogter.
- Hy het dieselfde salaris as 'n wit vakman gekry, teenoor die tien sjelings per maand wat Kaaitjie as loon by mev. Bosman ontvang het
- Kenny se pa was 'n skoolhoof en sy ma 'n verpleegsuster; Kaaitjie se pa is in die oorlog dood en haar ma was 'n wasvrou vir die bruinmense van Vatmaar.
- Kenny se ouers was hoogaangeskrewe mense met 'n groot huis en 'n motor.
- Kenny het matriek voltooi, terwyl Kaaitjie nie kon lees en skryf nie en nog nooit met 'n mes en vurk geëet het nie.
- Hulle ontmoet terwyl Kaaitjie by die Bosmans werk.
- Kaaitjie het gesê sy wil op dieselfde vlak as Kenny wees wanneer sy met hom trou.
- Kenny noem haar sy 'koningin wat in armoede gebore is'.

Slot: Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot.

VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG**VATMAAR – AMJ Scholtz**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	LU	AS	BARRETT
12.1.1	Oom Norman se lyk is in die begraafplaas gekry√/Sy het gehoor dat daar 'n lyk in die begraafplaas gevind is; daar was 'n tentpen deur sy baadjie. √ (Enige een)	1	2	4.1.1	1
12.1.2	Sy voel skuldig/verantwoordelik vir Oom Norman se dood√ omdat hy a.g.v. haar uitdaging daarheen gegaan het√ OF Sy voel verantwoordelik vir Oom Norman se dood √ omdat sy gesê het hy moet eers 'n tentpen (by haar broers en susters se graf) gaan plant voordat sy met hom sou trou. √	2	2	4.2.1	1
12.2	Ek-verteller/Eerstepersoonsverteller√	1	2	4.2.1	1
12.3	Maak die vertelling geloofwaardig√/Die leser kry 'n ooggetuie-perspektief op die gebeure√ /Dis die beste soort verteller om die karakters se emosies (gevoelens) te beskryf.√ (Enige twee)	2	2	4.2.1	2
12.4	Sy is dankbaar : √ 'Dankie. Here'√/ Sy is besorgd oor haar kinders √: Sy bid: Asseblief, my Here'√/Sy is godsdienstig /het 'n onwrikbare geloof in God√: Dankie, Here en Asseblief, my Here√ (Karaktertrek plus gepaste motivering vir 2 punte; slegs karaktertrek = 1 punt; karaktertrek met onvanpaste motivering = 1 punt)	2	2	4.2.3	2
12.5	Afrikaans√	1	2	4.1.1	1
12.6.1	Sus Bet help ook tydens die geboorte van klein Heinrich (Kaaitjie en Kenny se baba)√	1	2	4.1.1	1
12.6.2	Sus Bet ondersteun Tant Winnie nadat Kaaitjie flou geraak het √ alhoewel hulle nie van haar familie of ras is nie/al het hulle nie dieselfde taal gepraat nie√ (Een punt vir ondersteuning en een punt vir motivering)	2	2	4.1.3	2
12.6.3	Sy verteenwoordig die goedheid/ mededeelsaamheid van die mense van Vatmaar. √ Sy help met (Kaaitjie se) siekte√/voorsien khadie tydens feeste√./Sy tree op as oordraer en bewaker van die Griekwa-kultuur√: maak khadie; genees met tradisionele medisyne√ (Een punt vir standpunt en een punt vir motivering)	2	2	4.2.1	2
12.7	Hy was die skrynwerker. √	1	2	4.1.1	1
12.8	Sy was (baie) lief vir hom/het hom bejammer. √ (Enige een)	1	1	4.2.2	1

12.9	Norman was haar man (Heinrich) se vriend. ✓	1	2	4.1.1	1
12.10	Hy bedoel dat Oom Norman een van Reverend Cobb se gemeentelede is. ✓	1	2	4.2.2	2
12.11	Mister May se voorvaders was slawe. ✓	1	2	4.1.1	1
12.12.1	Mary/Mariam Mohamed. ✓ Sy en Oom Norman is albei deur Ma Khumalo 'aangeneem' nadat hulle deur hul eie mense verstoot is. ✓	2	2	4.2.2	2
12.12.2	Dit simboliseer dat hy sy 'wit' verlede afgeskud het en 'n nuwe lewe met Ma Khumalo begin het. ✓	1	2	4.2.4	2
12.13.1	Hy was een van die stigters ✓ van die nedersetting en die nie-amptelike burgemeester ✓/ 'n leier in die dorp ✓ (Enige een)	1	2	4.1.1	1
12.13.2	Kaaitjie het vir Oom Norman gevra om om middernag 'n ysterpen by haar broers en susters se graf te plant indien hy met haar wou trou. ✓ Die ysterpen is egter deur Oom Norman se oorlogsjas in die grond vasgekap. Hy kon nie loskom nie en het 'n hartaanval gekry en gesterf. ✓	2	2	4.2.2	2
		[25]			

AFDELING C: DRAMA**VRAAG 13: OPSTELVRAAG (LU2 AS4.2.8)****KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small**

Hierdie vraag word aan die hand van die *aangehegte* RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA (na VRAAG 16) nagesien.

MEMORANDUM

LET WEL: Hierdie memorandum bevat die breë, uitgebreide raamwerk van feite waaroor die kandidaat kan skryf. Daar word nie van die kandidaat verwag om al die onderstaande feite te noem nie. Die subopskrifte in die raamwerk dien slegs as riglyne vir die nasiener; kandidate mag nie subopskrifte in hul opstel gebruik nie.

Inleiding: Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste inleiding.

Uiterlike voorkoms

- Tatoeëermerke: hy wil iewers tuishoort, soeke na identiteit
- Map sê jou geskiedenis en waarvandaan jy kom, is op jou arms, lyf, nek en gesig
- Pragtige lyf

Hoe hy homself beskryf/Wat hy oor homself sê

- Hy is jammer oor alles.
- Hy is bekeer.
- Getuig dat hy bid.
- Hy is 'n veranderde man alhoewel hy nog steeds Map Jacobs is.
- Hy het Blanchie liefgehad.
- Wil 'n tweede kans hê; moet werk kry.
- Hy wou iets gewees het, was goed op skool, maar kon nie verder leer nie.
- Kon net 'n bode word, want al die werkseleenthede is vir wittes.
- Hy het deurmekaar geraak met verkeerde elemente.
- Was altyd die leier.
- Hy probeer om sy straf soos 'n man te vat.
- Hy het hom goed gedra in die tronk.

Wat ander karakters van hom sê

- Richie: hy is 'n vark; sê sy misdaad is 'n lelike ding.
- Tommy: Map is 'n veranderde man; saxofoon is Map se afdeling.
- Cavernelis: Map is 'n misdadiger.
- Willy: pragtige lyf; jammer van al die 'tattoos'.
- Cyril: noem Map 'n 'bastard'; sê Map is aggressief.
- Apostel George sê dis swaar vir Map om teen die prikkels te skop.
- Blanchie: Map was 'n goeie man.
- Sy benedeledede noem hom 'chief'.

Hoe hy optree en wat hy doen

- Gee opdrag om vroue te beroof
- Gee toestemming vir verkragting
- Vermoor sy vriend, Ivan Philander
- Gee homself aan die polisie oor
- Praat eerbiedig met sy ma
- Is besorgd oor sy ma en Blanchie
- Bid saam met Apostel George in die tronk
- Soek toenadering by Blanchie
- Dink terug aan mooi tye met Blanchie
- Ontsteld as hy hoor wat met Blanchie gebeur het terwyl hy in die tronk was

Hoe sy karakter ontwikkel/groei

- Terugflits na skooldae: talentvol, liefdevol en onskuldig
- Bevind hom in die park in 'n skooluniform
- Daarna word hy bendeleier
- Sy lewe verander negatief
- In die tronk kom hy tot bekering
- Bieg hartstogtelik en in ootmoed
- Bely sy skuld en sonde en vra dat die Here hom verander
- Verander van sondige moordenaar na gelowige persoon

Slot: Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot.

[25]

VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG**KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small**

VRAAG	ANTWOORD			PUNT	LU	AS	BARRETT
14.1	Map se ma besoek hom in die tronk√			1	2	4.2.7	1
14.2	Map simboliseer sy bendelewe. (bendenaam) √ Johnnie dui op sy onskuld. (sy gewone naam) √			2	2	4.2.8	2
14.3.1	Dit maak Map se omstandighede en vooruitsigte aan ons bekend. √/Dit laat ons kennis maak met Map midde-in sy omstandighede. √/Dit gee ons die geleentheid om ononderbroke vir Map te sien optree en te hoor wat hy te sê het./Beklemtoon sy eensaamheid/eensame stryd √			1	2	4.2.7	2
14.3.2	Sy het na die verkragting stom geword. √			1	2	4.1.1	1
14.4	Sy bekering√ en sy vrylating uit die tronk. √			2	2	4.1.1	1
14.5.1	Sy vind vir hom uit van werk en sy skakel met potensiële werkgewers. √			1	2	4.2.8	1
14.5.2	Sy wil hê hy moet bieg oor alles wat "daardie vreeslike nag" gebeur het./Sy wil hê dat hy sy verlede moet bely.√			1	2	4.2.8	1
14.6.1	Modelwerk/prostitusie/gesellinklubs/masseersalonne/geld te verdien/naam te maak in die skoonheids-wêreld√ (enige een of soortgelyke antwoord)			1	2	4.2.8	1
14.6.2	Sy wil haar ouers nie teleurstel nie √.Sy weet haar ouers sal dit nie goedkeur as hulle sou weet dat sy kontak met Map het nie.√			2	2	4.2.8	2
14.7.1	Desember√			1	2	4.1.1	1
14.7.2	Die drama se naam/titel is Krismis van Map Jacobs en Kersfees is in Desember.√			1	2	4.2.9	1
14.8.1	Hy het sy bende toestemming gegee om die vroue wat hulle voorgelê het te verkrag. √			1	2	4.2.8	1
14.8.2	Persoon	Invloed van oordeelsfout	Verwantskap	8	2	4.2.7	2
	Kleinmeisie Jacobs	berooft, verkrag, vermoor √ √ (Enige twee)	suster√				
	Antie Grootmeisie Jacobs	berooft, verkrag, stom √ √ (Enige twee)	ma√				
	Ivan Philander	vermoor√	beste vriend√				
14.9	Ja√. Hy dra die vrugte wat by die bekering pas: hy vergewe Blanchie alles en oordeel haar nie./Hy raak nie weer by bendes en misdaad betrokke nie./Hy hou aan om werk te soek./Hy wil 'n nuwe blaadjie omslaan. √ (Nee, verdien geen punte. Ja = korrek, maar die motivering bepaal die punt. 'n Kandidaat kry dus 2 of nul.)			2	2	4.2.7	3
				[25]			

VRAAG 15: OPSTELVRAAG (LU2 AS4.2.8)**MIS – Reza de Wet**

Hierdie vraag word aan die hand van die *aangehegte* RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA (na VRAAG 16) nagesien.

MEMORANDUM

LET WEL: Hierdie memorandum bevat die breë, uitgebreide raamwerk van feite waaroor die kandidaat kan skryf. Daar word nie van die kandidaat verwag om al die onderstaande feite te noem nie. Die subopskrifte in die raamwerk dien slegs as riglyne vir die nasiener; kandidate mag nie subopskrifte in hul opstel gebruik nie.

Inleiding: Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot.

Miem as besweerder

- Miem is 'n vet, middeljarige vrou wat tydens die Groot Depressie kop bo water moet hou nadat haar man hom na die solder onttrek het.
- Miem verteenwoordig die beginsel dat jy alle genietinge moet afsweer en op die smalle weg moet bly.
- Miem waak oor Meisie se reinheid.
- Sy bewaak die grens tussen die binneruimte en die buiteruimte.
- Sy belet Meisie om deur die venster na die sirkusliggies te kyk.
- Sy manipuleer haar dogter eintlik deur te verwys na 'die vorige keer' toe sy siek geraak het nadat Meisie uitgeglip het.
- Sy is begaan dat die deure gesluit word teen die gruwelike sirkusmusiek.
- Sy simboliseer die versmorende matriargale mag en die uitlewing van die Calvinistiese gewete.
- Sy glo dat alles buite die kerk boos is.
- Sy tree op as heksebesweerder teen die bose.
- Die sirkus is haar fokuspunt van beswering.
- Sy beskryf die sirkusmusiek as 'klinkende simbale'.
- Sy berispe Gertie omdat sy (Gertie) al by die sirkus was.
- Sy is egter ook skynheilig, want sy wil tog weet wat alles by die sirkus gebeur en hoe dit daar lyk.
- Ten spyte van haar preutsheid sit sy ook met seksuele frustrasies. Sy erken openlik aan die Konstabel dat daar 'gevoelens' by haar aangewakker word deur die teenwoordigheid van 'n man in die huis.
- Ironies genoeg is dit haar vrees vir die bose wat haar daarvan weerhou om die bose te herken as sy daarmee gekonfronteer word.

Bevryding van Gertie

- Gertie is Miem se vriendin; 'n vaal, middeljarige oujongnoui en liggaamsoefeningonderwyseres.
- Sy kan nie haar seksuele drange onderdruk nie.
- Ahoewel sy afkeurig teenoor die sirkus staan, is sy die een karakter wat wel gewaag het om die sirkustent binne te gaan.
- Die verskyning van die Konstabel verhoog Gertie se seksuele frustrasie.
- Sy is jaloers op Meisie en soek 'n geleentheid om alleen met die Konstabel te wees.
- Sy vind bevryding deur die Konstabel se vertelling van sy tant Hannie.
- Sy word getransformeer sodat sy sêlf die begeerlike tant Hannie is wat uittrek, dans en mooi hare het.
- Haar bevryding is egter nie volledig nie, want Miem kom in en Gertie vlug in haar onderklere na buite.
- Wanneer sy terugkom, dra sy weer haar ou klere en is sy weer vasgevang in haar vorige bestaan. Vir 'n paar oomblikke kon sy egter vryheid smaak.

Bevryding van Meisie

- Die sirkus hou vir haar 'n magiese aantrekkingskrag in.
- Sy is 'n simbool van die Afrikaner wat uit die eng Calvinistiese leefwyse wil ontsnap.
- Meisie word ten volle bevry.
- Sy vertel aan die Konstabel hoe vasgevang sy voel tussen die mis en die misreuk.
- Sy vertel ook van die jong man wat kom kuier het, maar die vlieë het op die tertjies geloop.
- Voorts vertel sy hoe sy rose onder haar venster geplant het teen die misreuk.
- Sy vlug kaalvoet in haar wit aannemingsrok saam met die Konstabel – 'n teken dat sy vry uitgaan, nie meer aan die aardse dinge gebonde is nie en nie meer deel is van haar ma se besweringe nie.
- Sy word deel van die magiese wêreld van die sirkus.

Die Konstabel se rol as bevryder

- Hy word beskryf as 'n sjarmante, maar geheimsinnige man.
- Hy tree op as bievader en staan so sentraal in die bevrydingsproses.
- Hy gee elk van die drie vroue geleentheid om hul hartsake teenoor hom te bely.
- Meisie vertel hom van haar beperkende bestaan en haar besoek aan die sirkus.
- Miem lê haar seksuele frustrasie bloot.
- Gertie vind by hom 'n uitlaatklep vir haar seksuele fantasieë.
- Alreeds deur hierdie vertellings ervaar elk van die vroue 'n mate van bevryding.
- Die hoogtepunt van die bevrydingsproses is wanneer die Konstabel Meisie by die agterdeur uitlei – uit die knellende ruimte na 'n magiese ruimte van vryheid.

Slot: Die kandidaat voorsien die opstel van 'n gepaste slot.

[25]

VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG**MIS – Reza de Wet**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	LU	AS	BARRETT
16.1.1	Gabriël/die pa/Miem se man✓ (Enige een)	1	2	4.1.1	1
16.1.2	In die solder✓; A.g.v. die armoede van die Groot Depressie het hy hom in die solderkamer onttrek✓	2	2	4.1.1	1
16.2	Sy is jaloers omdat Meisie en die Kontsabel so lank alleen buite is. ✓	1	2	4.2.7	2
16.3.1	Die aards-alledaagse of menslike ontlasting✓	1	2	4.1.1	1
16.3.2	‘Moet net nie daarin trap nie.’ OF ‘die spatsel’ (Enige aanhaling) ✓	1	2	4.1.1	1
16.3.3	Bemesting✓/mistigheid ✓/Jy het dit mis✓/die Rooms-Katolieke Mis of Heilige Nagmaal✓/vermiste meisies✓/Miem mis haar man ✓ (Enige drie betekenisverklarings)	3	2	4.2.8	2
16.4.1	Sy is opgewonde/gestimuleer/gelukkig ✓	1	2	4.2.7	1
16.4.2	Oë wat blink dui op absolute geluk✓, maar eintlik is Meisie siende blind vir die gevaar wat die Konstabel inhou✓.	2	2	4.2.7	2
16.5.1	Dit beklemtoon die kontras tussen die eksotiese sirkus buite✓ en die armoedige toestande binne.✓	2	2	4.2.7	2
16.5.2 (a)	Meisie: Die sirkus verteenwoordig die teenoorgestelde ✓ van haar ongelukkige, glanslose lewe. Dit bied die moontlikheid van bevryding ✓ uit haar eng bestaan.	2	2	4.2.8	2
(b)	Miem: Die sirkus is vir haar ’n simbool van verval en die bose✓. Die sirkus is dit wat potensieel die moraal van haar dogter kan ondermyn. ✓	2	2	4.2.8	2
16.6	Sy is baie reguit. ✓ Wanneer Gertie liggaamsoefeninge wil doen, sê sy: ‘Ag, toe nou, ✓Gertie ... te veel oefening maak ’n vrou taai en seningrig.’ OF Sy is dominerend✓: ‘Kyk daar, Meisie, jy het netnou gestort! Kry ’n lap en vee dit op.’ ✓ (Een punt vir karaktertrek en een punt vir motivering)	2	2	4.2.7	1
16.7	Dit wil Gertie uitbeeld as karakter wat hunker na bevryding /’n karakter wat deur oefening ’n verlore jeug najaag .✓ Gertie probeer die Konstabel wys dat sy ’warm ’ is – anders as die ’koulike ’ Meisie – om sodoende sy guns te wen. ✓	2	2	4.2.7	1
16.8	Dit skep/verhoog die spanning✓	1	2	4.2.7	1
16.9.1	Die gevaar skuil in die riete. ✓	1	2	4.2.8	1
16.9.2	Die Konstabel se van is Van der Riet. ✓	1	2	4.1.1	1
		[25]			

GROOTTOTAAL: 80

RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR GEDIGTE

RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN DIE POËSIE OPSTEL HUISTAAL 10 PUNTE	TAAL Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Taal, toon en styl wat in opstel gebruik word.	-Baie goeie koherente struktuur. -Uitstekende inleiding en samevatting. -Argumente goed gestruktureerd en ontwikkeling is duidelik. -Taal, toon en styl volwasse, treffend en korrek.	-Opstel goed gestruktureer. -Goeie inleiding en samevatting. -Maklik om argumente en gedagtegang te volg. -Taal, toon en styl korrek en toepaslik vir doel. -Goeie aanbieding.	-Duidelike struktuur & logiese vloei van argumente. -Inleiding, samevatting en ander paragrawe koherent georganiseer. -Kan vloei van argumente volg. -Taal, toon en styl grootliks korrek.	-Sommige bewyse van struktuur. -Opstel toon gebrek aan struktuur, logika en koherensie. -Minimale taalfoute, toon en styl meestal van toepassing. -Paragrafering meestal korrek.	-Bewyse dat struktuur swak beplan is. -Argumente nie logies gerangskik nie. -Taalfoute is sigbaar. -Toon en styl nie toepaslik vir die doel van teks nie. -Paragrafering gebrekkig.	-Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed vloei van argumente. -Taalfoute en verkeerde styl veroorsaak onsuksesvolle skryfstuk. Toon en styl nie toepaslik vir doel van teks nie. -Paragrafering verkeerd.	-Moeilik om te bepaal of onderwerp aangespreek is. -Geen bewyse van beplanning of logiese uiteensetting nie. -Taal is swak. -Verkeerde toon en styl. -Paragrafering nie korrek nie, koherensie ontbreek.
INHOUD Interpretasie van onderwerp. Diepte van argumente, verantwoordings en beheersing van gedig.		7 80 – 100%	6 70 – 79%	5 60 – 69%	4 50 – 59%	3 40 – 49%	2 30 – 39%	1 0 – 29%
In-diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte ten volle verken. Uitstaande respons: 90%+. Uitstekende respons: 80 – 89% Reeks treffende en uitgebreide argumente wat uitgedig ondersteun word. Genre en gedig word uitstekend verstaan.	7 80 – 100%	8 – 10	7 – 7 ½	7 – 8				
Bogemiddelde interpretasie van onderwerp, alle aspekte bevredigend verken. Uitgebreide respons. Reeks sterk argumente wat uitgedig ondersteun word. Genre en gedig word baie goed verstaan.	6 70 – 79%	7 ½ – 8 ½	7 – 8	6 ½ – 7 ½	6 – 7			
Verstaan gedig en interpretasie van onderwerp goed. Redelike uitgebreide respons. Sterk argumente word gegee, maar dit is nie altyd goed gemotiveer nie. Genre en gedig word verstaan.	5 60 – 69%	7 – 8	6 ½ – 7 ½	6 – 7	5 ½ – 6 ½	5 – 6		

<ul style="list-style-type: none"> - Redelike interpretasie van onderwerp, nie alle aspekte in gedig verken nie. - Etlke goeie argumente ter ondersteuning van onderwerp. - Meeste argumente ondersteun onderwerp, maar bewyse is nie oortuigend nie. - Genre en gedig word basies verstaan. 	4 50 – 59%		6 – 7	5 ½ - 6 ½	5 – 6	4 ½ - 5 ½	4 – 5	
<ul style="list-style-type: none"> - Baie alledaagse, middelmatige poging om vraag te beantwoord. - Baie min diepte in die begrip van en tydens die respons op onderwerp. - Argumente nie oortuigend nie en baie min bewyse uit gedig. - Leerder het nie volle begrip van genre en gedig nie. 	3 40 – 49%			5 – 6	4 ½ - 5 ½	4 – 5	3 ½ - 4 ½	3 – 4
<ul style="list-style-type: none"> - Swak begrip van onderwerp. - Respons word herhaal en dit is soms nie ter sake nie. - Geen diepte in argumentering nie, interpretasie verkeerd, ondersteunende argumente nie verantwoordbaar uit gedig nie. - Baie swak begrip van genre en gedig. 	2 30 – 39%				4 – 5	3 ½ - 4 ½	3 – 4	1 – 3 ½
<ul style="list-style-type: none"> - Respons soms in verhouding met onderwerp, moeilik om argumente te volg of dit is nie van toepassing nie. - Swak poging om vraag te beantwoord. Paar relevante argumente wat gegee is, is nie verantwoordbaar uit gedig nie. - Baie swak begrip van genre en gedig. 	1 0 – 29%					3 – 4	1 – 3 ½	0 – 3

RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA
(Let op die verskil in die punttoekenning vir inhoud versus struktuur en taal.)

KODES EN PUNTTOEKENNING		INHOUD [15] Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoordings en begrip van die voorgeskrewe werk.		STRUKTUUR EN TAAL [10] Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.
Kode 7 A 80 – 100%	Uitmuntend 12 tot 15 punte	In-diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors. Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie) Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks. Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks.	Uitmuntend 8 – 10 punte	Samehangende en gestruktureerde opstel. Uitstekende inleiding en slot. Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek.
Kode 6 B 70 – 79%	Verdiensielik 11 punte	Bogemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors. Gedetailleerde reaksie. Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks. Baie goeie begrip van genre en teks.	Verdiensielik 7 punte	Opstel is goed gestruktureerd. Goeie inleiding en afsluiting. Argumente en gedagtelyk is maklik om te volg. Taal, toon en styl is korrek en gepas vir die doel. Goeie aanbieding.
Kode 5 C 60 – 69%	Beduidend 9 of 10 punte	Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer. Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp. Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie. Begrip van genre en teks duidelik.	Beduidend 6 punte	Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente. Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie) Vloei van argumente kan gevolg word. Taal, toon en styl is grootliks korrek.
Kode 4 D 50 – 59%	Voldoende 8 punte	Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie. Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. Die meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie. Basiese begrip van genre en teks.	Voldoende 5 punte	Geringe bewyse van struktuur. Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek. Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas. Paragrawe is meestal korrek.
Kode 3 E 40 – 49%	Matig 6 of 7 punte	Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord. Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp. Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoordings uit die teks. Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie.	Matig 4 punte	Beplanning van die struktuur is gebrekkig. Argumente nie logies gerangskik nie. Paragrawe is foutief. Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie.
Kode 2 F 30 – 39%	Basies 5 punte	Houvas op die onderwerp is swak. Reageer herhalend en soms van die punt af. Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie/Argumente word nie verantwoord uit die teks nie. Baie swak houvas op genre en teks.	Basies 3 punte	Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente. Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol.
Kode 1 F tot H 0 – 29%	Ontoereikend 0 tot 5 punte	Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg. Swak poging om vraag te beantwoord. Min toepaslike punte met geen verantwoordings uit die teks. Baie swak houvas op genre en teks.	Ontoereikend 0 – 2 punte	Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word. Geen bewyse van logiese beplanning nie. Geen paragrawe en koherensie nie. Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon.